# HOOFSTUK V.

## Ondergang van die Republiek Stellaland.

Die inwendige toestand van Stellaland self, sowel as die houding van Engeland, het op die duur die ondergang van Stellaland as Republiek te weeggebring. Daar was n.l. reeds kort na die stigting van die Republiek twee partye in Stellaland. Die een party, onder leiding van G.J. van Niekerk en A. de la Rey Snr., beide oud-burgers van die Transvaal, het gestreef na aanhegting van Stellaland by die Transvaal. Die tweede party, die s.g. "lojale" party, waarvan die here Lee, Hassett, Van Riet en Bodenstein veral die toonaangewers was, was meer geneigd om aansluiting by die Kaap Kolonie te soek. Die vernaamste voorstanders van hierdie party was die voormalige Engelse vrywilligers van Mankoroane, en 'n aantal Afrikaners. ~~Beide~~ albei seksies, met uitsondering van die leiers miskien, was voortgedryf deur slegs een hoofmotief, n.l. die versekering van die grondregte van die vrywilligers. Van Niekerk het sy uiterste gedoen om die "lojale" seksie in bedwang te hou, maar ~~hy~~ het gedurig te kampe gehad met opposisie van hulle kant[1].

Die Transvaalse Deputasie het intussen naar Engeland vertrek, en die regering van Stellaland het 'n wagtende houding ingeneem om te sien wat van die grenslyn-kwessie gaan word. Van Niekerk was veral bevreesd dat Stellaland miskien deur die Kaap Kolonie geannekseer sou word[2]. In sy strewe om aansluiting by die Kaap Kolonie te verhinder, is Van Niekerk onder steun deur Genl. Joubert, met wie hy 'n ononderbroke briefwisseling onderhou het[3]. In hierdie verband kan aangetoon word dat Van Niekerk sy hoop op die Transvaal gevestig het.

Reeds/..

1). Joubert-Kolleksie, 318, 319, 324.
2). Ibid., 319.
3). Ibid., 1995, pp.140-141.

Reeds op 17 Jan.1883 het hy aan Massouw verklaar: "Het Transvaal rigt 't oog naar ons en wij zullen eenmaal bij haar ook moeten verslag doen, en als wij hier een fout begaan zal dit zeer ten kwade door P.Kruger worden opgenomen. Massou's vrijwilligers met hem en zijn volk zijn vijanden van de Engelschen"[1].

Van Niekerk het nie sonder grond die saak so voorgestel asof die Transvaal Stellaland sou help nie. Daarvoor had hy van Genl. Joubert baie aanduidings ontvang[2]. Joubert het sy verbasing en verontwaardiging te kenne gegee in 'n brief aan Van Niekerk, dd.26 Aug.1883, in sake die poging van Stellaland tydens die besoek van Rhodes, om aansluiting by die Kaap Kolonie te verkry[3].

Terwyl dit die toestand van sake in Stellaland was, het die stelery op groot skaal onophoudelik voortgeduur. Beide Massouw en Mankoroane het hulle hieraan skuldig gemaak, en vee is selfs geroof van inwoners van die Transvaal. Die toestand het gedurig gespanne gebly, en almal het gehoop dat die sending van die Deputasie naar Engeland 'n verbetering sou teweeg bring[4].

Van hierdie toestand van onrus het invloedryke groepe ~~van~~ persone in Engeland gebruik gemaak om die Britse regering op te hits teen die Deputasie. Veral Eerwaarde Mackenzie het hom beywer in belang van die verdrukte Mankoroane, en geprotesteer teen toegee aan die versoeke van die Deputasie[5]. Ook Sir Hercules Robinson, wat aanwesig was in Londen tydens die onderhandelings, het hom vanaf November 1883 tot Februarie 1884 sterk beywer om te belet dat die Transvaalse grense verder

naar/...

1). S. 4.
2). Joubert-Kolleksie,1995, pp.134-136.
3). Ibid., 1995, pp.140-141.
4). R.4387/83; R.5095/83; R.5465/83; R.945/84; R.2948/84.
5). C.3841, pp.91-92, 92-97; C.4036, pp. 2-3.

naar die Weste uitgebrei sou word. Hy het ook aangeraai dat 'n Britse Protektoraat in Bechuanaland gevestig sal word. Hy was van mening dat enige verandering van die westergrens gering behoort te wees[1].

Die Britse regering was in 'n moeilike posisie. Lord Derby wou graag tegemoet kom aan die Transvaalse eise, en was selfs verplig daartoe, aangesien die Britse regering nie 'n uitweg geweet het uit die Bechuanalandse kwessie nie. Engeland had n.l. geen direkte belange in Bechuanaland nie, maar die Kaap Kolonie wel. Vir Engeland was dit slegs te doen om die belange van Montsioa en Mankoroane te beskerm, verder kon Transvaal maar die hele Bechuanaland inpalm, was dit nie vir die Kaap Kolonie nie[2].

Maar ook die Transvaalse Deputasie was ondersteun deur invloedryke persone o.a. lede van die Afrikaner Bond in die Kaap Kolonie[3].

Deur die versekering van Scanlen, Eerste Minister van die Kaap Kolonie, wat destyds ook teenwoordig was in Londen dat die Kaapse Regering 'n deel van die onkoste sou dra, hoewel sy regering Bechuanaland nie kon annekseer nie, is die hande van Lord Derby gesterk. Die agitasie van die naturellevriende in Engeland en elders sou sy uitwerking ook nie mis nie, met die gevolg dat die Deputasie nie veel vordering kon maak wat betref die grenskwessie nie.

Die Deputasie het later in die Volksraad gewag gemaak van die feit dat die onderhandelings bemoeilik is deur die opposisie van die negrofiliste (soos hulle genoem word), en veral van die "Aborigines Protection Society" en die "Anti-Slavery Society"[4].

Die Deputasie het aan die Britse regering voorgestel om, met die oog op die beëindiging van die voortdurende moeilikhede/...

1). C.3841, pp. 105, 145, 104, 152.
2). Dit, in elk geval, het die Hoë Kommissaris later beweer, sien C.4213, pp.7-9.
3). C.3841, p.79.
4). E.V.R.23, p.92.

hede op die grense, selfs met ter syde setting van die goeie reg van die Republiek op die hele streek grond, vrye keuse aan die betrokke partye te laat om met hulle de facto regte binne of buite die Republiek te val, en dat op hierdie grondslag die grenslyn afgebaken moet word deur 'n onafhanklike Kommissie. Hierteen het die Britse regering die beswaar opgewerp dat die handelsweg, wat loop deur die gronde van die Kapteins wat wens te val onder die S.A.Republiek, dan ook deur die grondgebied van die Republiek sou loop, en dit kon hy nie toelaat nie. Selfs 'n voorstel van die Deputasie om die handelsweg te neutraliseer of tolvry te maak is verwerp. Eindelik het die Deputasie berus in die nuwe grenslyn, soos voorgestel deur die Britse regering, op die volgende voorwaardes: Die S.A. Republiek sal nie deelneem aan 'n gewelddadige afbakening van die grenslyn nie; Massouw en Moshette, wat nou binne die Republiek sal val, behou hulle de facto regte buite die grenslyn; die Republiek is nie aanspraaklik vir moeilikhede as 'n gevolg van die plaatsing van 'n deel van die onderdane van Massouw en Moshette buite die grenslyn nie[1].

Op hierdie grondslag het die Deputasie op 27 Februarie 1884 die Konvensie van Londen onderteken. Daarby verkry die Republiek 'n kleine uitbreiding van grondgebied langs die westergrense. Engeland wou geen duimbreed meer toegee nie. Dit was wel nie die grenslyn, wat die Deputasie voorgestel het nie, maar dit was tog beter as die bestaande grenslyn. Die Konvensie moes binne 6 maande bekragtig word deur die Transvaalse Volksraad, en intussen bly die Konvensie van Pretoria in werking[2].

Terselfdertyd het die Britse regering ook op raad van Sir Hercules Robinson, en met instemming van die Deputasie besluit/...

1). E.V.R. 23, pp.92-93.
2). Sien Groenboek, S.A.R., 1884; C.4036, p.10; Sien kaart Bylaag G.

besluit om 'n Britse Protektoraat oor Bechuanaland af te kondig. Ook het Sir Hercules aanbeveel dat Eerw. John Mackenzie die geskikste persoon sou wees vir Resident-Kommissaris vir die Protektoraat [1]. Op 21 Februarie 1884 is Mackenzie dan ook aangestel deur die Britse regering in hierdie betrekking. Sy aanstelling is verhaas deur berigte van nuwe onluste in Stellaland [2]. Die Deputasie het ook onderneem om grenskommissarisse aangestel te kry binne Transvaal; hulle sou saamwerk met die Britse Kommissaris in die Protektoraat [3].

Die sluiting van die Konvensie van Londen het beteken die ondergang van Stellaland as Republiek. 'n Gedeelte van Stellaland val tans deur die nuwe reëling binne die S.A.Republiek, maar die grootste gedeelte maak nou deel uit van die Britse Protektoraat. So maklik sou die Stellalanders die saak egter nie gewonne gee nie. Omstandighede sou 'n plan in die hand werk om nog 'n poging aan te wend om by Transvaal ingelyf te word.

Voor die Konvensie van Londen geteken was, het skrikwekkende berigte omtrent die toestand in Stellaland en die res van Bechuanaland die Britse outoriteite bereik. Massouw se volk sou dan vreeslik steel, en Mankoroane sou die slagoffer wees van verskriklike moorddadighede van die kant van die vrywilligers [4]. Die Britse regering het dadelik geloof geslaan aan hierdie berigte en selfs daarop aangedring by die Transvaalse regering om Massouw, nou reeds deur Engeland beskou as onderdaan van die Republiek, te weerhou van 'n aanval te maak op Mankoroane [5].

Ook is Kapt. Graham Bower van Kaapstad deur die Imperiale outoriteite dadelik naar Bechuanaland gestuur om te sien/...

1). C.4036, pp. 3-4.
2). Ibid., pp. 5-6.
3). Ibid., p.10.
4). Ibid., pp. 16-18, 20, 21.
5). R.1065/84, brief dd. 1 Maart 1884.

sien wat te doen is, en te probeer om die moeilikhede op 'n end te bring[1].

Dit blyk toe dat sake heeltemal die teenoorgestelde was van wat werklik berig was. Massouw was natuurlik baie ontevrede omdat sy grondgebied deur die nuwe grenslyn middeldeur gesny was, en het ook nie nagelaat om op 10 Maart 1884 'n ernstige protes aan te teken teen die nuwe lynsverdeling nie[2]. ~~Maar~~ Tog het dit geblyk volgens die rapporte van Bower dat Mankoroane hom skuldig gemaak het aan diefstalle, maar die berigte was baie oordrewe. Hy het n.l. herberg gegee aan 'n aantal berugte Engelse perdediewe, en het die Stellalanders en Massouw baie provokasie gegee. Oor die Stellalanders het Bower baie gunstig gerapporteer: "In Stellaland the Europeans are quiet and orderly, awaiting events", rapporteer hy op 14 Maart 1884, en voorts dat Van Niekerk beloof het om sy bes te doen om Massouw terug te hou van 'n aanval te maak op Mankoroane, weëns laasgenoemde se uittartting[3]. Van Niekerk was werklik in staat om sy belofte te hou en het daarvoor die dank van die Britse regering ontvang[4].

Op 3 April 1884 het Bower, inmiddels teruggekeer in Kaapstad, in 'n verdere verslag die aandag van die Hoë Kommissaris gevestig op die laakbare gedrag van Mankoroane. 'n Baie slegte klas witman, sê hy, vertoef by hom in Taungs. "These men are mostly Englishmen, and may be divided into two classes, professional horse and cattle stealers, and land sharks". Laasgenoemde klas doen veral veel kwaad. Hulle stook die Kaffers teen mekaar op en strooi stories rond om verontwaardiging of vrees~~vrees~~ op te wek. Dan huur die Opperhoof hulle om vir hom te veg en hulle ontvang plase as beloning. Bower berig verder/...

1). C.4036, p.18.
2). C.4194, pp.9, 19-20
3). C.4036, pp.27-28.
4). Ibid., pp. 14, 24.

verder dat die Stellalanders niks anders as vrede verlang nie. Hy getuig ook van die goeie gesindheid van Van Niekerk. Wat hy gesien het in Vryburg, sê hy, is heeltemal die teenoorgestelde van wat hy gehoor het[1].

Die gevolg van die sending van Bower was dan ook dat die Britse publiek 'n ander opinie begin kry het oor die "vrybuiters" in Stellaland. Hierdie goeie oordeel van Bower was nie misplaas nie, soos weldra sal blyk.

Voor die sluiting van die Konvensie van Londen was Van Niekerk wel sterk geneigd om alles in sy vermoë te doen om Stellaland ingelyf te kry by die Transvaal. Hy was selfs bereid om die wapens op te neem daarvoor, as hy maar net weet dat die Transvaal hom ondersteun en nie die Konvensie sou goedkeur nie[2]. In Maartmaand het hy nog steeds gehoop dat die Transvaal hom sou ondersteun. Joubert was van mening dat Massouw Mankoroane geheel en al moes vernietig voor die vestiging van die Britse Protektoraat. Verder wens hy hom nie meer in te laat met die sake van die vrywilligers nie, anders kon dit beteken dat hy die terme van die Konvensie verbreek[3]. Van Niekerk het egter tydens die besoek van Bower aan Stellaland waarskynlik tot die oortuiging gekom dat daar niks meer aan die saak te doen was nie. Hy het hom dus van nou af beywer om die gedeelte van Stellaland wat binne die Britse Protektoraat val, liewer onder die regering van die Kaap Kolonie te bring dan onder die Imperiale regering. Sy hoofdoel is net om die grondregte van die vrywilligers te verseker. Van Mackensie wou hy niks weet nie. Die sendeling was voor sy koms al in 'n slegte reuk by die Boere. So skryf Van Niekerk op 19 Maart 1884 hoeveel moeilikheid hy het deur die inwendige

verdeeldheid/..

1). C.4036, pp. 34-38; Vgl. Mackenzie, Austral Africa... Vol.I, pp. 327-328.
2). Joubert-Kolleksie, 326, 1995, p.194.
3). Ibid., 1995, pp.119-120, 224-226.

verdeeldheid onder sy burgers, maar dat hy nou probeer om selfs teen sy sin, te werk vir net een doel n.l. die inlywing van die res van Stellaland by die Kaap Kolonie, d.w.s. as die S.A.Republiek die Konvensie bekragtig. Verder maak hy ook melding van die feit dat die vrywilligers hard geveg het vir hulle land en hulle nasie n.l. die Transvaal en die Afrikaner-nasie. Hy vra die Transvaalse regering ook om 'n Deputasie van Stellaland te ontvang[1].

In verband met wat Van Niekerk op 19 Maart 1884 geskryf het, n.l. dat sy vyande die mense in Stellaland probeer wysmaak dat almal wat binne Transvaal val met die nuwe Konvensie hulle gronde sal verloor, en die wat buite val hulle gronde sal behou, antwoord Joubert 'n paar dae later dat dit net andersom is. Engeland gee niks om of alle blankes uit Afrika verdryf word nie, en of die land weer in sy toestand van naturelle barbaarsheid terugkeer nie[2]. Op 31 Maart het Joubert egter vir Van Niekerk heeltemal ontmoedig deur aan hom te skrywe dat die vrywilligers te veel van die Transvaal verwag het. Hy raai hulle aan om hulleself te help. Die S. A.Republiek sal sig nie inlaat met sake buite sy grense nie. Joubert weier ook om 'n Stellalandse Deputasie te ontvang, op grond daarvan dat dit in stryd sou wees met die nuwe Konvensie. Hy stel die vrywilligers egter gerus met te sê, dat die grondregte deur die Republiek erken sal word[3].

Van Niekerk was nou vas beslote om te werk vir samewerking met die Kaap Kolonie, veral nou dat geen hulp van die Transvaal te wagte was nie. In 'n mooi brief, dd.5 Mei 1884, het Joubert op politiek gebied van Van Niekerk afskeid geneem vir goed, soos hy gemeen het. Stellaland en die Transvaal sou voortaan niks meer met mekaar te doen hê nie. So het dit gelyk[4].

Die/...

1). Sien Bylaag F.
2). Joubert-Kolleksie, 1995, pp.241-243.
3). Ibid., 1995, pp.243-244, 245-246.
4). Ibid., 1995, pp.260-263; Sien Bylaag F.

Die oorgrote meerderheid van die Stellalanders was tevrede met die nuwe grenslyn mits hulle grondregte aan weerskante van die lyn maar net erken word deur die betrokke regerings [1]. Van Niekerk het selfs aangeraai dat Mackenzie vriendelik ontvang moes word, nieteenstaande hy 'n vyand van die vrywilligers is [2].

'n Publieke byeenkoms is op 24 Maart 1884 gehou te Vryburg om te beraadslaag oor die posisie. Op raad van Van Niekerk is 'n Volkskomitee gekies om met hom saam te werk vir die publieke belang. Hy raai ook aan om memories op te trek aan die regerings van die Transvaal en die Kaap Kolonie [3]. 'n Komitee is gekies en almal was eenparig om onder enige regering te staan mits hulle grondregte maar verseker is [4].

As 'n gevolg van die byeenkoms is 'n memorie en 'n protes, beide dd. 4 April 1884, deur die Stellalanders aan die regering en Volksraad van die S.A.Republiek gestuur. Daarin word hulle saak uiteengesit en geprotesteer daarteen as die Republiek hulle grondregte nie wil erken nie. Hulle vra ook die Volksraad om die regte op gronde, wat nou binne die Republiek val, te erken [5].

Op 8 April 1884 het die Voorsitter van die Volkskomitee, die heer C.G. Bodenstein, aan die Kaapse Parlement 'n petisie van Stellaland om anneksasie aan die Kaap Kolonie gestuur. Die petisie het 'n opsomming gegee van die omstandighede wat gelei het tot die totstandkoming van die Republiek Stellaland. Die petisie maak voorts melding van die feit dat Stellaland nou in twee gesny is, en daar bly geen ander weg oop as anneksasie aan die Kaap Kolonie, met die voorbehoud, egter, dat hulle grondregte erken word. Die burgers is ook gekant

teen/...

1). Sien brief van Van Niekerk, dd.31Maart 1884 in S. 7.
2). Sien ongedateerde brief van Van Niekerk in S. 7.
3). S.9 No. A.57/84, brief d.d. 23 Maart 1884.
4). Sien brief d.d. 24 Maart 1884 in S. 7.
5). R.3505/84.

teen die bewind van Mackenzie, omdat hy hulle saak in die verlede in 'n verkeerde lig voorgestel het[1].

Met hierdie petisie het Van Niekerk en die Uitvoerende Raad van Stellaland van harte ingestem, hoewel hulle oorspronklike plan was die stigting van 'n selfstandige staat of anders om aan te sluit by die Transvaal[2].

Terselfdertyd is die heer J.H.Hofmeyr, leier van die Afrikaner Bond in die Kaap Kolonie, deur Van Niekerk genader met die versoek om die saak van die Stellalanders in die Kaapse Parlement te ondersteun[3].

<u>Mackenzie in Bechuanaland</u>.

Dit was dan die toestand van sake toe Mackenzie aan die begin van Mei 1884 in Stellaland aangekom het om die Protektoraat oor Bechuanaland te vestig. Op 12 April 1884 het hy sy offisiële aanstelling as "Deputy Commissioner" vir Bechuanaland van Sir Hercules Robinson ontvang, asook sy instruksies om die nuwe grenslyn te beskerm, orde te bewaar, en verdrae te sluit met Montsioa en Mankoroane ten einde die Protektoraat te wettig. Hy word ook vrygelaat om die grondregte van die Stellalanders, wat onder sy bestuur val, te erken Hy moes ook voorsien in die administrasie van Stellaland en kon desnoods 'n Assistent-Kommissaris aanstel[4].

Op 'n vraag van die Britse Resident het die Transvaalse regering geweier om nou al van sy kant 'n Kommissaris aan te stel om die grenslyn af te baken. Die regering wou eers wag totdat die Konvensie deur die Volksraad bekragtig was[5].

Mackenzie het dus alleen aan die werk gespring en dadelik die nodige verdrae met die naturellehoofde gesluit. Daardeur plaas Mankoroane hom nou onder die beskerming van die/...

---

1). C.4194, pp. 2-4.
2). Ibid., pp.11-12; Sien brief van Van Niekerk aan Hoë Kommissaris dd. 22 April 1884.
3). Sien Uitv. Raadsbesluit, dd.17 April 1884, in S.1(2); en brief aan Van Niekerk, dd.21 April 1884, in S. 7.
4). C. 4036, pp. 50, 51, 52-53.
5). R.1927/84; C.4194, p.14.

die Britse regering [1]. Mackenzie is daarop naar Vryburg alwaar hy op 9 Mei 1884 goed ontvang is. Nog voor sy aankoms aldaar het hy hom reeds teen die anneksasieplan van die Stellalanders deur die Kaap Kolonie verklaar [2]. Buitendien was Mackenzie, soos reeds gesien is, nie juis bemind deur die Vrywilligers nie. Dit is dus maklik te begrype dat hy met baie moeilikhede te kampe sou hê.

Op dieselfde dag wat hy in Vryburg aangekom het, het Mackenzie die mense toegespreek en verklaar dat hulle van nou af onder die jurisdiksie en bestuur van Hare Majesteit staan. Met betrekking tot die grondregte wou hy geen vaste belofte maak nie. Hy het hom ook teen aanhegting aan die Kaap Kolonie verklaar op hierdie moment [3].

Op 12 Mei d.o.v. het die Volkskomitee met sy onderhandelings met Mackenzie begin. Die vernaamste punt was die kwessie van die grondregte. Dan was daar nog die vraagstuk van die landskuld van Stellaland, aanblywing van amptenare ens. Die onderhandelings het geduur tot 14 Mei. Mackenzie was egter nie in staat om definitiewe antwoorde te gee op die meeste punte nie. Uit die onderhandelings het dit ook geblyk dat die publieke opinie sig meer en meer teen Mackenzie gekeer het. Die Kommissaris het wel verklaar dat die Volksraad van Stellaland nou ophou om te bestaan, maar dat hy geen opjeksie het as dit nogeens byeen kom nie, teneinde sekere sake af te handel. Hy het ook meegedeel dat hy die dadelik die regering sou oorneem nie, maar dit sou plaas in hande van iemand in wie die publiek vertroue kon stel [4].

Die onderhandelings wou maar nie vlot gaan nie. Daar was 'n duidelike wantroue in Mackenzie. So gee die Volkskomitee op/...

1). C.4194, pp.13, 17-18.
2). Ibid., pp. 16-17.
3). Joubert-Kolleksie, 341f, pp. 3-6.
4). C. 4194, pp. 21-23, 26-29.

op 13 Mei aan Van Niekerk opdrag om, indien Mackenzie iets doen in stryd met die onafhanklikheid of die wette van Stellaland, hom dan daarteen te verset en stappe te neem dienooreenkomstig[1].

Van Niekerk het daarop aan Mackenzie meegedeel dat die Afrikaners in Stellaland in die meerderheid is. Hy wens moeilikheid te voorkom en verlang dat Mackensie eers moet wag met sy bestuur totdat antwoord van Kaapstad op die anneksasiepetisie ontvang is. Van Niekerk het aangedring op 'n direkte antwoord op die vraag: "Do you guarantee to the volunteers their titles to land as granted by me under power from David Massouw?" Mackenzie se antwoord was dat hy persoonlik ten gunste daarvan was dat die oorspronklike vrywilligers se grondregte verseker word. Offisiëel sal alle grondkwessies egter beslis word deur 'n Landkommissie. Verder as dit wou die Kommissaris hom nie verbind nie. Hierop het Mackenzie skielik die betrekking van Assistent-Kommissaris vir Bechuanaland aan Van Niekerk aangebied, en hom "in charge" geplaas van die plaaslike regering, provisioneel in naam van die Koningin. Van nou af hou hy Van Niekerk verantwoordelik vir die vrede in die land. Hy eindig met die woorde: "I now in the Queen's name, impose on him, the head of the people of Stellaland, the responsibility of the temporary management of this district until its affairs are finally settled"[2].

Daarop het Van Niekerk die saak gelê voor die Volkskomitee, wat dit goedgekeur het dat Van Niekerk die bewind sou voer tot tyd en wyl dit besluit is of die koloniale regering Stellaland sou oorneem. Van hierdie besluit is Mackenzie verwittig[3].

Nou/...

---

1). Joubert-Kolleksie, 341 f, p.26.
2). C.4194, pp. 29-31; Vgl. Mackenzie, t.a.p., Vol.I, pp.217-218
3). C.4194, p. 31; Joubert-Kolleksie, 341 f, pp.33-34.

Nou het daar egter 'n ander moeilikheid ontstaan: Die Volkskomitee wou weet of dit nodig was vir Van Niekerk om 'n eed van getrouheid aan Engeland af te lê, waarop Mackenzie bevestigend geantwoord het[1]. Dieselfde aand, n.l. 14 Mei, het die Volkskomitee weer daaroor beraadslaag, en besluit dat Van Niekerk geen definitiewe antwoord sal gee in sake die eed nie, voordat die publieke opinie daaroor eers ingewin is. Terselfdertyd word 'n algemene vergadering belê vir 20 Mei 1884, en 'n protes teen Mackenzie opgestel[2]. In daardie dokument, dd. 15 Mei 1884, sit Van Niekerk die saak van die vrywilligers uiteen, en wys daarop dat die volk van Stellaland op 'n antwoord van die Kaapse Parlement wagtende is. Daarom protesteer hy teen die uitoefening van gesag deur Mackenzie in Stellaland voor na afloop van die volksbyeenkoms, waar beslis sal word oor sake[3].

Aan Mackenzie is kennis gegee van die besluit dat Van Niekerk vireers nie die eed sal neem nie. Hy het sy ampseed as Administrateur in hande van die volk afgelê, en alleen die volk kan hom daarvan onthef[4].

Mackenzie het daarop vertrek van Vryburg af, en nieteenstaande die voorgevallene het hy die bestuur in hande van Van Niekerk gelaat, ofskoon hy die eed nie geneem het nie[5].

Die volksvergadering is dan ook gehou, en op 21 Mei is aan Mackenzie deur Van Niekerk kennis gegee dat besluit is "that, seeing that the people of Stellaland have addressed a petition to the Cape Parliament, praying for annexation to the Cape Colony, they are in honor bound to wait until they have received a reply to the said petition", asook dat hy (Van Niekerk) versoek is "to take no further steps until such answer

is/...

1). C.4194, p.32; Joubert-Kolleksie, 341 f, p.35a.
2). Joubert-Kolleksie, 341 f, pp. 39-40; C.4194, p.23.
3). Joubert-Kolleksie, 341 f, pp.41-43a.
4). Ibid., 341 f, pp.44-44a.
5). C.4194, p.20.

is received ".[1]

Dit beteken dus feitlik dat die volk weier om Van Niekerk toe te laat om die eed af te lê voor Mackenzie. Nieteenstaande dit, egter, berig Mackenzie aan die Hoë Kommissaris dat Van Niekerk nou die Assistent-Kommissarisskap aangeneem het en dat dit formeel deur die volk goedgekeur is[2].

Hierdie berig is dieselfde dag gepubliseer in verskeie nuusblaaie van Kimberley en die regering van Stellaland het sig genoodsaak gesien om dit in sterke bewoording openlik te ontken[3]. Die Volkskomitee het op sy beurt weer hierdie laaste [illegible] teengespreek[4].

Dit het [illegible] in die harnas geja teen Van Niekerk. Van nou af sou hulle paaie uiteen loop. Van Stellaland af is Mackenzie naar Montsioa en Land Goosen [illegible] daar te probeer in orde bring, sonder sukses egter. Aan die begin van Julie 1884 was hy terug in Taungs, maar nog in dieselfde maand het die politieke toestand in Stellaland heeltemal verander[5].

Die Volksraad van Stellaland het op 18 Junie 1884 besluit dat indien die anneksasie tot die Kaap Kolonie nie sou deurgaan nie, aan Van Niekerk (nog steeds Administrateur) opdrag gegee word om met Mackenzie te onderhandel, en sy vorige beloftes aan te neem, met medewerking en advies van die Uitvoerende Raad en afgevaardigdes van die Volksraad en Volkskomitee. Die Volksraad het ook die vorige dag die tot dusverre gevoerde onderhandelings tussen Mackenzie en die Volkskomitee goedgekeur[6].

Tot sover was die verhouding tussen Van Niekerk en die Volkskomitee heeltemal bevredigend. Sake sou egter spoedig 'n ander wending neem. Van Niekerk moes Mackenzie, volgens af-

spraak/...

---

1). Joubert-Kolleksie, 341 f, p.46-46a; R.4169/84.
2). C.4194, p.61.
3). Sien kennisgewing, dd.21 Mei 1884, in S. 10.
4). Vgl. Mackenzie, Vol.1/t.a.p., p.282.
5). Ibid., pp. 281 v.v.
6). Sien Notule, dd.17 en 18 Junie 1884, in S. 6.

spraak, te Taungs ontmoet op 30 Junie 1884. Hy het egter kennis gegee dat dit vir hom onmoontlik was aangesien daar voorheen besluit is om niks te doen voor antwoord van die Kaap Kolonie ontvang is nie. Hy het die Volkskomitee gevra om 'n Deputasie te stuur om met Mackenzie te onderhandel. Mackenzie het die onwilligheid van Van Niekerk toegeskryf aan Transvaalse invloed, sonder bewys egter[1]. Seker is ewewel dat Van Niekerk te kampe had met 'n sterk pro-Britse seksie in die Volkskomitee, en waarskynlik gemeen het om alles in hulle hande oor te laat.

Op die byeenkoms van die Volkskomitee is besluit dat dit die hoogste gesag is in Stellaland saam met die Uitvoerende Raad, aangesien die Volksraad nie meer bestaan nie. 'n Deputasie is afgevaardig naar Taungs met opdrag om ~~met~~ Mackenzie te ontmoet, maar nie met hom te onderhandel as die anneksasie-petisie nog nie deur die Kaapse Parlement verwerp of bespreek is nie. As die petisie verwerp is, moet die Deputasie onderhandel oor die volgende kwessies: die neem van die eed deur Van Niekerk, en die erkenning deur Mackenzie van die grondregte[2].

Wat gebeur egter op die byeenkoms te Taungs? Die vyande van Van Niekerk laat hulle oorhaal deur Mackenzie om sy politiek in Stellaland goed te keur en sig te onderwerp aan hom, nieteenstaande die anneksasie-kwessie nog nie deur die Kaapse Parlement behandel is nie, en nieteenstaande hulle wel bewus was van die feit dat Mackenzie teen die anneksasie was. Ook is tussen Mackenzie en die afgevaardigdes ooreengekom dat Van Niekerk die eed moes neem voor die 15de Julie d.o.v.[3] Dis nou duidelik dat daar 'n goeie verstandhouding was tussen Mackenzie en die Volkskomitee, wat heelwat Engelse en Engelsgesinde lede bevat het[4].

Van/...

1). Vgl. Mackenzie t.a.p., I, pp.284-285; C.4194, p.121.
2). C.4194, pp.117-120; Vgl. Mackenzie, t.a.p., I, pp.287-288. (Mackenzie gee 'n heel andere weergawe van hierdie besluit).
3). C.4194, pp.54, 123-125; Vgl. Mackenzie, t.a.p., I, pp.288-289
4). Vgl. Mackenzie, t.a.p., I, pp.286 vv.

Van Niekerk het eenvoudig geweier om die eed te neem, aangesien nog geen affisiële antwoord van die Kaapse regering ontvang was nie [1].

Die breuk was nou finaal met Mackenzie en die Volkskomitee aan die een kant en Van Niekerk en die "Transvaalse Party" aan die ander kant. Van Niekerk het dadelik geprotesteer teen die Bestuur van Mackenzie, en laasgenoemde het Van Niekerk se aanstelling as Assistent-Kommissaris gekanseleer. Hy sou voortaan slegs onderhandel met die Volkskomitee [2].

Dit het ook beteken dat Van Niekerk met sy Uitvoerende Raad gebreek het met die Volkskomitee. Op 'n sitting van die Uitv.Raad, dd. 16 Julie 1884, is die Volkskomitee ontbind en Mackenzie verantwoordelik gehou vir die gevolge. Daar is verder besluit om 'n publieke byeenkoms te hou op 30 Julie a.o.v. Aan Mackenzie is kennis gegee dat hy hom nie moes bemoei met die publiek van Stellaland nie [3].

Sake het nou ernstig begin lyk in Stellaland. Die publieke byeenkoms is op die bepaalde dag gehou en die handelwyse van Van Niekerk en die Uitv. Raad is beaam deur die burgers van Stellaland. Daar werd ook geprotesteer teen die gesag van Mackenzie. Die vergadering beskou die ou regering van Stellaland as die wettige [4]. Van Niekerk het selfs geskryf aan die Transvaalse regering dat 'n oorlog dreig as Mackenzie nie teruggeroep word nie [5].

Mackenzie het egter op sy ingeslae weg volhard en aangehou onderhandel met die "lojale" deel van die bevolking. Hy het selfs so ver gegaan om die Britse vlag te hys in Vryburg, nieteenstaande die Hoë Kommissaris hom daarteen gewaarsku het [6].

Mackenzie/...

1). C.4194, p.83; Vgl. ook Mackenzie, t.a.p., I, p.291.
2). Vgl. Mackenzie, t.a.p., I, pp.292-293.
3). S.1(2); S. 10,A.123/84.
4). S.1(5); Sien ook Protes in S.10; R.3619/84.
5). R.3619/84; S.9,A.127/84.
6). C.4213, pp. 11, 12, 22-23.

Mackenzie se rol in Bechuanaland was nou egter uitgespeel. Sedert die bekendmaking van sy aanstelling as Onder-Kommissaris was hy baie onpopulêr beide in Transvaal en in die Kaap Kolonie. Sy bestuur in Bechuanaland was ongetwyfeld nie 'n sukses nie. Nie alleen het die politieke twiste in Stellaland gedreig tot ernstige verwikkelinge oor te gaan weëns die optrede van Mackenzie nie, maar ook in Goosen het die vrywilligers aktief opgetree teen Montsioa, sonder dat Mackenzie dit kon belet. In die Kaapse Parlement het sy aanstelling en optrede heftige kritiek uitgelok van die kant van verantwoordelike politici, en ook van die Transvaalse Volksraad en regering het proteste uitgegaan teen Mackenzie. Die Hoë Kommissaris was nie van plan om die Stellalanders te beveg nie, en insiende dat die sending van Mackenzie 'n flater was, het hy hom beveel om naar Kaapstad terug te keer, en tydelik die heer Cecil Rhodes aangestel om in sy plek te ageer. Na sy aankoms in Kaapstad het Mackenzie dan ook sy betrekking neergelê [1).]

<u>Rhodes in Bechuanaland.</u>

Soos reeds gesien, het die heer Rhodes hom alreeds in Juniemaand van 1883, tydens sy eerste sending naar Bechuanaland, beywer om Stellaland ingelyf te kry by die Kaap Kolonie. Hy het daarna, 16 Aug.1883, in die Kaapse Parlement weer die kwessie van Bechuanaland as Kaapse invloedsfeer te berde gebring, en het sterk bepleit dat die Kaap Kolonie deur Bechuanaland toekomstige uitbreiding naar die Noorde moes soek, sonder sukses egter. Reeds toe al het hy nadruk daarop gelê dat die Imperiale faktor uitgeskakel moes word [2)].

Hy sou egter weer sy kans kry, na die mislukking van Mackenzie se bestuur.

Waar Mackenzie die teenstand van Van Niekerk en sy

ondersteuners/,,,

1). E.V.R.23, pp.90 vv.; Joubert-Kolleksie, 343c; C.4194,pp. 84, 95; C.4213, pp. 2, 13, 16-17, 18-19, 25, 62-63.
2). Vgl. Vindex, Cecil Rhodes,.... , pp. 60-69.

ondersteuners beskryf het as dié van 'n klein klompie luidrugtige mense, wat opgestook word deur Transvaal teen Britse bestuur, en wat dit nie eerlik meen met die Kaap Kolonie nie, het Rhodes gerapporteer dat die Volkskomitee slegs die dorpenaars, die minderheid in Stellaland, verteenwoordig, en dat Van Niekerk en sy mense heeltemal gewillig was om onder die Kaapse regering te staan. Hulle is slegs teen die Imperiale bestuur van Mackenzie, sê hy.[1)]

Mackenzie was van mening dat Van Niekerk vals was wat betref sy politiek t.o.v. die Kaap Kolonie. Dit rym egter nie met die feite nie, en dit is ook onwaarskynlik dat soveel Engelse kolonialers, onder wie ook Rhodes was, hulle deur Van Niekerk sou laat mislei het, selfs sover dat Mackenzie teruggeroep moes word.

Op 30 Julie 1884 het Rhodes sy offisiële aanstelling ontvang met die opdrag om vrede in Bechuanaland te bewerkstellig[2)]. Reeds 'n week later het hy berig gestuur dat Mackenzie die toestand in Stellaland heeltemal verkeerd en te gunstig voorgestel het. Hy het die outoriteite gewaarsku dat die toestand ernstig is, en dadelik aan die werk gespring en probeer die partye beinvloed om die vrede te bewaar. Hy het ook getuig van die onpopulariteit van Mackenzie, en verseker die Hoë Kommissaris dat die Stellalanders onder Van Niekerk begerig is om aan te sluit by die Kaap Kolonie[3)].

Terloops mag vermeld word dat reeds op 15 Julie 1884 die petisie van Stellaland deur die Kaapse Parlement gunstig oorweeg is. 'n Besluit is geneem om oor die anneksasie te onder handel met die Imperiale regering. Rhodes was 'n sterk ondersteuner van die idee dat die Kaap Kolonie die beheer moes hê oor Bechuanaland, hoewel Hofmeyr en die Bondslede gemeen het

dat/...

1). C. 4194, pp.55, 126; C.4213, pp. 15, 37; Vgl.Mackenzie, t.a.p., I, pp. 305 vv.
2). C.4213, pp. 16-17.
3). Ibid,pp.37, 39-41 .

dat die bedoelde strook gromd binne Transvaalse invloedsfeer was [1].

Juis vanweë Rhodes se ondersteuning was die Hoë Kommissaris van mening dat hy die geskikste persoon was om die Britse politiek in Bechuanaland uit te voer, en Bechuanaland vir Engeland te behou, waar Mackenzie deur sy voortvarendheid sake bederf het. Rhodes wou die Imperiale faktor uitskakel, en inplaas daarvan aansluiting by die Kaap Kolonie op die voorgrond stel, aangesien hy die sienswyse toegedaan was dat Suid Afrikaanse sake in Suid-Afrika besleg moes word [2]. Hierdie politiek sou hy dan gedurende Augustus en September 1884 probeer ten uitvoer bring in Bechuanaland. Hy het die ondersteuning van Van Niekerk geniet. Laasgenoemde het n.l. op 4 Augustus 1884 in 'n brief aan die heer Upington, Eerste Minister van die Kaap Kolonie, die posisie uiteengesit en gevra om die onmiddelike tussenkoms van die Kaapse en Transvaalse regerings. Mackenzie sê hy, wil nie aan die wens van die Stellalanders voldoen nie, n.l. om hulle eie regering te erken, solang aanhegting aan die Kaap Kolonie hangende is. Hy waarsku voorts dat verdere moeilikhede verwag kan word as Mackenzie nie teruggeroep word nie [3].

Rhodes het betreklik weinig moeite ondervind in Stellaland. Hy self het ook geywer daarvoor om Stellaland te doen aansluit by die Kaap Kolonie, en reeds op 8 Augustus 1884 het hy daarin geslaag om tot 'n ooreenkoms te geraak met die leiers van die vrywilligers. Deur die ooreenkoms werd al Mackenzie se werk vernietig. Sy onderhandelings met die Volkskomitee werd omvergewerp, en die Stellalanders word toegelaat om/..

1). C.4194, pp.85-88, 95; Vgl. Vindex, t.a.p., p.94.
2). Vgl. Vindex, t.a.p., p. 66.
3). S. 9. (Mackenzie was toe reeds teruggeroep op aandrang van die regerings van die Kaap Kolonie en Transvaal).

om vir drie maande hulle eie regering te behou, hangende die uitslag insake aanhegting aan die Kaap Kolonie. Stellaland erken die Britse Protektoraatsregte oor Bechuanaland, en die Britse regering erken die uitgereikte grondbriewe van plase in Stellaland. Alle handelinge van die regering van Stellaland sou egter onderhewig wees aan die goedkeuring van die Britse Kommissaris vir Bechuanaland. Die veediefstalkwessie is ook op bevredigende wyse gereël.[1)]

Intussen is die Konvensie van Londen vir enige dae lank druk bespreek en gekritiseer in die Transvaalse Volksraad. Groot ontevredenheid oor die nuwe grenslyn was 'n kenmerk van die meeste toesprake. Genl. Joubert het die opposisie teen die bekragtiging van die Konvensie gelei. Op 8 Augustus 1884 is die Konvensie egter na veel moeite eindelik goedgekeur deur die Volksraad[2)].

Hiermee was die lot van beide Stellaland en Land Goosen beslis. Hulle sou egter nog een wanhopige poging aanwend om ingelyf te word by die S.A.Republiek.

<u>Genl. Joubert naar die grense gestuur.</u>

Op 11 Augustus 1884 is Genl. Joubert saam met die heer J.H.Schoeman aangestel as Spesiale Kommissaris vir die westergrense. Hy moes handel namens die S.A.Republiek, en met die heer Rhodes saamwerk om aan die moeilikhede 'n einde te maak en veediefstalle te doen ophou.[3)]

Sedert Joubert hom in Mei 1884 finaal teruggetrek het van inmenging in aangeleenthede op die westergrense, was hy ten gunste daarvan dat die S.A.Republiek streng neutraal moes bly volgens die Konvensie. Nog op 6 Julie 1884 skryf hy aan die Landdros van Lichtenburg in hierdie sin[4)]. Iets moes hom egter laat besluit het om van sienswyse te verander, want op/...

1). C.4213, p.97; Vgl. Du Toit, t.a.p.,pp.94-95.
2). E.V.R. 23, pp.168-170, 246-247; R.3629/84.
3). Joubert-Kolleksie, 327a; B.B. 774/84.
4). Joubert-Kolleksie, 1995, p.338.

op dieselfde dag toe hy sy aanstelling as Kommissaris ontvang, verwittig hy die Landdros van Lichtenburg daarvan, en vra hom verder om die vrywilligers op Rooigrond (in Goosen) te waarsku om nie toe te gee nie al kom hy (Joubert) ook self om hulle daartoe te dwing saam met Rhodes. Die vrywilligers, sê hy, sal hulle regte verkry en nog skadevergoeding boweop ontvang. Hy durf nie alles op papier sit nie, maar hy hoop om die Landdros persoonlik te spreek. Hy meld ook dat hy ammunisie naar Lichtenburg stuur en "als Stellalanders komt om amunuti help hulle. Weest niet zuinig"[1].

'n Plan het gebroei, en dit sou spoedig duidelik word wat dit was. Joubert en Rhodes het mekaar ontmoet te Lichtenburg op die 21ste Augustus d.o.v. en saam naar Rooigrond vertrek[2]. Daar vind hulle die Goseniete besig om vir Montsioa aan te val. Hulle pogings om die vrywilligers oor te haal om die stryd te staak het ewewel misluk, en Rhodes het verontwaardig naar Stellaland vertrek[3]. Hy het die skuld vir die mislukking ten laste van Joubert gelê, en hy was seker nie verkeerd nie as die invloed van Joubert se brief van 11 Aug. aan die Goseniete 'in aanmerking geneem word[4]. Montsioa het op 30 Augustus 1884 'n smeekskrif om beskerming gerig aan Genl. Joubert, wat daarop vrede bewerkstellig het, in afwesigheid van Rhodes[5].

Enige dae later, n.l. op 6 September 1884, kabel die Transvaalse regering direk aan Lord Derby en vra vir toestemming om aan Montsioa se smeekskrif gehoor te gee. Die partye het deur bemiddeling van Joubert vrede gesluit in die vooruitsig op die beskerming en jurisdiksie van die Transvaalse regering[6]. Geen antwoord is egter hierop ontvang nie.

Inmiddels/...

1). Joubert-Kolleksie, 1995, p.360.
2). Dit is nodig om eers mee te deel wat in Goosen gebeur het, aangesien dit 'n noue verband hou met Stellaland.
3). C.4213, pp. 64-65, 105-107, 125.
4). C.4432, p.28.
5). C.4213, pp. 93-94, 137.
6). Ibid., p.48.

Inmiddels het Joubert en Rhodes tot 'n ooreenkoms geraak wat betref die veediefstalle[1]. Die Transvaalse Kommissie plaas daarna die ondersoek van die veediefstalle in hande van die Landdroste van die betrokke distrikte. Joubert het ook gerapporteer dat Rhodes met die Stellalanders tot 'n skikking gekom het, en dat dit tans rustig is beide in Stellaland en in Goosen[2]. Ook het Van Niekerk die berig, dat die vrede herstel is, bevestig[3].

Gebeurtenisse het van nou af aan snel ontwikkel. Op 15 September word Genl. Joubert teruggeroep van die grense onder voorwendsel dat sy aanwesigheid in Pretoria noodsaaklik is, en word in sy plek aangestel die heer S.J.du Toit, Superintendent van Onderwys van die S.A.Republiek[4]. Naar alle waarskynlikheid was dit slegs om persoonlike redes dat hierdie stap geneem is, aangesien die planne van Joubert en Du Toit met betrekking tot Bechuanaland identies was. Dit was n.l. 'n welbekende feit dat Genl. Joubert en Ds. Du Toit sterk gekant was teen mekaar. Ds. Du Toit had heelwat invloed op President Kruger en het heel moontlik van die geleentheid gebruik gemaak, tydens die reis van die Deputasie naar Europa en ook later, om sy invloed te versterk ten koste van Genl. Joubert[5].

S.J.du Toit in Bechuanaland.

Du Toit het naar die grense vertrek met die volgende duidelike opdrag, wat alreeds aan Joubert gestuur was: Die regering is van mening dat die Kommissaris direk kan onderhandel en verdrae sluit met Montsioa. Dit sou geen skending van die Konvensie wees nie; Engeland moes dit slegs goedkeur. Die Protektoraat is nie gevestig onder die Konvensie nie. Dieselfde geld ook vir Mankoroane. Montsioa se grond kan dus geannekseer/...

1). Sien brief van Rhodes aan Van Niekerk, dd.6 Sept.1884, in S. 7 (Rhodes spreek Van Niekerk aan as Administrateur van Stellaland, en erken dus daarmee sy bestuur.
2). R.4221/84, Brief dd. 6 Sept.1884.
3). Sien brief, dd. Sept.1884,van Genis aan Van Niekerk in S 7.
4). B.B.903/84.
5). Vgl. J.F.van Oordt, Paul Kruger en de Opkomst van de Z.A. Republiek, p.438.

geannekseer word onder die terme van die Konvensie. Montsioa moet egter eers van sy begeerte, om onder die Republiek te kom, kennis gee aan die Britse regering. Voorts lui die instruksies: "Wat de annexatie van Mankoroane en Stellaland betreft, valt dit geheel onder dezelfde beschouwing als met betrekking tot Montsioa en Goosen; alleen beschouwt de Regeering dat daar nog eenige voorbereidende maatregelen moeten genomen worden.

Onder deze voorbereidende maatregelen moeten verstaan worden voor eerst: het uit den weg ruimen van de quaestien rakende lijnverdeelingen, dieverijen, rooverijen, enz........Ten einde des te meer Mankoroane aan deze Regeering te verbinden machtigt Zij bij deze hare Commiesie om, ingeval gemeld Opperhoofd voldoend bewijs levert dat hij zich met zijne rechten onder de bescherming en jurisdictie van de Republiek stelt, alsdan de hem ten laste vallende schadevergoeding (weëns vroeëre diefstalle) geheel of gedeeltelijk vrij te schenken; zullende dergelijke vrijgeschonken Compensatie alsdan door deze Regeering worden gedragen en aan partijen worden uitbetaalt. ............ Het gestolen nog aanwezige vee moet in elk geval door hem worden teruggegeven; altijd op die voorwaarde, dat hy geheel als onderdaan van onze Republiek onder ons inkomt, en volgens onze wetten opgaaf betaalt; waaruit dan in het vervolg deze schadevergoeding gevonden kan worden. Gij kunt echter Mankoroane wel (als zulks niet anders kan) aannemen enkel als Bondgenoot, zoodat hy zelfstandig blijft". In hierdie geval sou Mankoroane egter meer skadevergoeding moet betaal. Die instruksies vermeld verder dat natuurlik alles verval, en Mankoroane alles moet betaal, as die Britse regering die traktaat nie wil goedkeur nie, in terme van Artikel 4 van die Londense Konvensie [1].

Ds.Du Toit/...

1). R.B.B. 1251/84 (Die instruksies is gedateer 15 Sept.1884).

Ds. Du Toit het dus definitiewe instruksies ontvang nie alleen om 'n verdrag te sluit om die grondgebied van Montsioa te annekseer nie, maar ook die grondgebied van Mankoroane en Stellaland. Dit alles sou geskied in terme van Artikel 4 van die Konvensie van Londen, waarby Engeland binne 6 maande sy goedkeuring of weiering moes te kenne gee.

Reeds op 16 Sept.1884 is die grondgebied van Montsioa "In het belang van humaniteit" geannekseer tot die S.A.Republiek [1], en het Du Toit vertrouelik aan die regering meegedeel dat Montsioa vir goed gewen is vir die Transvaal. Ook Gatsisibi, 'n ander Bechuana-opperhoof, is vriendskappelik gesind. "in een privaat schrijven (so gaan hy verder) dringt Van Niekerk seer er op aan dat ik geen uur zal verzuimen om naar Stellaland te komen; hij heeft al de ambtenaren door McKenzie en consorten aangesteld geschorst; zou inmiddels Mankoroane laten polsen, enz. . Volgens mijne private berichten is de groote meerderheid der bevolking voor de Republiek". Voorts het hy, om die publieke opinie ten gunste van die Transvaal te bewerk, verslae van alles aan die vernaamste Hollandse koerante en aan die leiers van die Afrikaner Bond in die Vrystaat en die Kaap Kolonie gestuur [2].

In 'n verdere vertrouelike mededeling, sê Du Toit, dat Montsioa so goed moontlik behandel moet word, "want anderen zien op hem". Gatsisibi is bereid tot onderwerping. Hy het alreeds 'n verdrag met daardie hoof opgetrek net soos dié met Montsioa. "Dan krijgt de Republiek eenige honderden plaatsen vrij van de beste veeweide in Zuid Afrika. En na deze twee zal ook wel Sechele inwilligen onder ons; wij zullen hem laten polsen". Sulke verdrae moet so gou moontlik gesluit word, sê

hy/...

1). Staatscourant der Z.A.R., 18 Sept.1884.
2). R.4221/84, by stukke in R.4867/85.

hy. Daarna gaan hy naar Stellaland om te sien wat met Mankoroane te doen is. Van Stellaland het hy berig ontvang, deur middel van Veldkornet Celliers, dat die grootste meerderheid van die mense ten gunste is van aanhegting by die Transvaal. Celliers is reeds terug en sal 'n memorie laat teken deur die burgers en 'n brief laat skryf deur Massouw, "waarin zij mijne bemiddeling inroepen om ook onder bescherming en bestuur der Republiek te komen ....... Ik heb mij gehaast om de zaken met het Bestuur van Goosen zoover te brengen dat wij Engeland's politiek tegenover een voldongen feit plaatsen. Ik heb gemeend te handelen naar letter en geest der Proclamatie"[1]. ( Daar bestaan weinig twyfel dat Du Toit die plan wou ten uitvoer bring om die ganse Bechuanaland of altans 'n groot deel daarvan aan te heg aan die Transvaal deur middel van verdrae met die Kaffers)

Op 4 Oktober 1884 het hy naar Stellaland vertrek ten einde sy planne vir Bechuanaland, planne wat sekerlik ook dié was van die regering in Pretoria, daar uit te voer, nieteenstaande Van Niekerk reeds op 8 September 1884 'n ooreenkoms met Rhodes getref het. Die weg was egter nog vóór die aankoms van Du Toit voorberei deur Genl. Joubert, wat in geheime onderhandeling was met Van Niekerk, soos weldra sal blyk.

Op 8 Oktober 1884 het Du Toit te Niekerksrust in Stellaland aangekom en dadelik aan die werk gespring om Stellaland, net soos Goosen, ingelyf te kry, nieteenstaande daar geen onluste, derhalwe ook geen kwessie van "humaniteit", meer was nie, (die enigste motief wat die Transvaal op hierdie tydstip ten grondslag kon lê aan sy argument ten gunste van anneksasie) Hy het saam met Van Niekerk 'n Akte van Sessie van Stellaland aan die S.A.Republiek opgetrek, en memories laat sirkuleer

onder/....

1). R.4221/84 (by stukke in R.4867/85); R.4593/84.

onder die burgers, versoekende om onder Transvaal te kom. Sy handeling het hy gegrond op die feit dat Rhodes die wettigheid erken het van alle grondbriewe uitgereik deur Van Niekerk onder die naam van Massouw, waarby Rhodes dus ook erken het die reg van Massouw op geheel Stellaland. Massouw weer het aan Van Niekerk die reg gegee om daardie grondgebied selfstandig te bestuur of aan enige ander Staat oor te gee. Op hierdie grond het Du Toit dan die Akte van Sessie opgetrek. "Engeland is hier nu machteloos", en in geval van besware, sal die Transvaal die saak wen voor 'n onpartydige arbitrasiehof. Du Toit het ook aan die regering gerapporteer dat hy Mankoroane sal laat pols, terwyl Massouw en Gasibone guhstig gestemd is. "Met hen zullen wij de noodige verdragen zien te sluiten" [1].

Du Toit was dus goed op weg om Stellaland op dieselfde wyse as Goosen in te lyf by die Transvaal. Gedurende sy afwesigheid in Bechuanaland het daar egter dinge plaasgevind wat dit vir die Transvaal onmoontlik gemaak het om sy politiek met betrekking tot Bechuanaland verder deur te voer.

Die Proklamasie waarby Montsioa se gebied ingelyf word by Transvaal, is op 16 September afgekondig. Die volgende dag, asook op 1 Okt. d.o.v., is aan die Britse regering daarvan kennis gegee sonder egter 'n antwoord te bekom. Op 6 Okt. het die Transvaalse regering sig weer gewend tot Lord Derby, en op dieselfde dag het die Hoë Kommissaris by die Britse regering aangedring op militaire voorbereidsels. Eers op 7 Okt. het Lord Derby geprotesteer teen die anneksasie-proklamasie en geëis dat dit teruggetrek moes word, wat dan ook op 13 Oktober 1884 gebeur het [2].

Die Proklamasie het 'n groot opskudding teweeg gebring, veral onder die Jingo-seksie van die Kaap. Dit was asof/....

1). R.4221/84 (by stukke in R.4867/85); Vir die Akte van Sessie sien R.4169/84.
2). Vgl. Leyds, Het Insluiten.... I, p.210.

asof daar 'n bom gebars het. Daar werd aangedring op strenge maatreëls en 'n militaire ekspedisie naar Bechuanaland. Daar was selfs sprake van oorlog. Die toestand was dreigend. Iedereen het besef dat 'n oorlog tussen die wit rasse vir Suid-Afrika noodlottig sou wees. In die loop van Oktober 1884 werd dan ook voorbereidsels getref deur die Ryksregering om 'n leërmag van 4000 man, onder bevel van Sir Charles Warren, naar Suid-Afrika te stuur[1].

Van die reperkussies van die uitvaardiging van die Proklamasie het Du Toit natuurlik niks geweet nie, veral omdat daar vir 'n paar weke lang niks gehoor is van die Britse regering nie. Hy het dus rustig aangegaan met sy werk, min wetende dat hy op 'n myn gewandel het. Terwyl die memories nog in Stellaland gesirkuleer het, het Du Toit op 13 Oktober naar Christiana vertrek, alwaar hy instruksies ontvang het om onmiddelik terug te keer naar Pretoria. (Waarskynlik was dit by hierdie geleentheid dat hy vir die eerste keer verneem het van die gevolge van sy optrede). Hy was nou egter in die moeilikheid. Hy moes n.l. die poging van die Stellalanders om op dieselfde wyse as Goosen geannekseer te word aan die Transvaal, nou teenwerk, anders kon die verhouding tussen Engeland en Transvaal nog gevaarliker word. Terwyl Schoeman alleen voort is naar Pretoria, is Du Toit naar Stellaland alwaar Van Niekerk op 14 Oktober 'n memorie, onderteken deur 357 burgers, "verzoekende om onder de Z.A.Republiek te worden opgenomen", ontvang het[2].

Du Toit is terug naar die Transvaal, waarskynlik nie voordat hy Van Niekerk met verdere raadgewings gedien het nie. Hoe nou gemaak met die memorie? Van Niekerk, saam met Du Toit die/....

---

1). Vgl. Leyds, Het Insluiten....I, p.216; Vgl. Van Oordt, t.a.p. pp. 437-438; Vgl. Mackenzie.../II, t.a.p., p.24.
2). R.4976/84; Sien memorie in S. 7.

die optrekker van die memorie, antwoord op dieselfde dag nog die memorialiste dat aan hulle versoek nie kan voldoen word nie aangesien, soos hulle weet, 'n ooreenkoms op 8 Sept.1884 aangegaan is met Rhodes, waarby die bestuur vir drie maande in die hande van die regering van Stellaland gelaat is, hangende die kwessie van aanhegting aan die Kaap Kolonie. As manne van eer en trou ag hulle hulleself gebind aan hulle gegewe woord en die ooreenkoms wat getref is. Daarom moet die memorie oorstaan[1]. Aan die Hoë Kommissaris het Van Niekerk ook kennis gegee van die ontvangs en weiering van die memorie, en hom meegedeel dat hy getrou wil bly aan die ooreenkoms van 8 September 1884[2]. *Die Bedanking van Genl. Joubert.*

Wat het Genl. Joubert intussen gedoen? Soos gesien, is hy op 15 Sept.1884 vervang deur Ds.Du Toit as Spesiale Kommissaris. Teruggekeer in Pretoria het hy sonder verwyl op 29 Sept.1884 sy ambsbetrekkings in die S.A.Repúbliek neergelê, verontwaardig oor die oorhaaste Proklamasie van 16 September[3]. Hy wou homself daarmee nie vereenselwig nie. Die skyn is dus verwek dat Genl. Joubert bedank het louter omdat hy teen westerse uitbreidingsplanne van die Republiek was.

In werklikheid, egter, was Genl. Joubert 'n groot voorstander van daardie selfde politiek. Joubert en Du Toit kon mekaar egter nie uitstaan nie. Joubert was sterk gekant teen die sending van die Deputasie, waarvan Du Toit 'n lid was, naar Engeland. Hy het geen heil vir Stellaland of Goosen daarin gesien nie[4]. Hy wou die hele Stellaland en Goosen ingelyf sien by die Transvaal, en nie net 'n gedeelte nie, daarom was

hy/...

1). Sien brief van Van Niekerk aan memorialiste dd.14 Okt.1884, in S. 9 (Eienaardig genoeg het Du Toit en Van Niekerk eers die memorie gegrond op die ooreenkoms met Rhodes, en later het Van Niekerk die memorie verwerp om dieselfde rede).
2). Sien brief van Van Niekerk aan Hoë Kommissaris, dd. 14 Okt. 1884, in S. 9.
3). Joubert-Kolleksie, 1995, pp.370-371.
4). Ibid., 1995, pp. 177-178.

hy teen die bekragtiging van die Konvensie [1]. Hy was baie sterk daarteen dat die betwiste gebied onder die Kaap Kolonie sou kom [2]. Hy het selfs die vrywilligers aangemoedig in hulle teenstand teen Rhodes, soos reeds gesien. Mooier nog, hy het saam met Van Niekerk allerlei planne gemaak om die S.A.Republiek se gesag uit te brei oor Bechuanaland. Op 30 Sept.1884 skryf hy aan Van Niekerk: "gij weet hoedat wij plane gemaak heeft om zoo mogelijk Stellaland en Gozen op wettig en behoorelijke wijze onder bescherming en wet der Republiek (te) brengen en had de Hoog Edle Regeering ons laat door werken dan was bennen de 3 maanden Stellaland en Goze en wie weet wat meer onder de Republiek .......

..........Nu zal men het laten voorkomen als of ik tegen aanhegting van het land ben maar mijn heer en vriend gij weet het tog van beter. Gij kunt het dus tegenspreeken". Hy was ten gunste van die wettige inlywing van daardie gebiede en dit kom hom voor "of er eymant bang voor was dat zulks onder mijne hand tot stand zou worden gebragt en daarom moest de Prezedent overre(den) worden om een ondoordagte (stap) te nemen op zoodaneg een wijze dat ik daardoor ter neder geworpen en voor mijn naatti verlooren worden" [3].

Genl. Joubert was dus ook ten gunste van anneksasie, nie net van Stellaland en Goosen nie, maar ook van 'n groot deel van die res van Bechuanaland, net soos Ds. Du Toit. Waarom het hy dan bedank? Eerstens, omdat, deur toedoen van die President, Du Toit die werk uit sy hande geneem het, twedens, omdat die anneksasie van Goosen te voorbarig geskied het, d.w.s nie volgens sy plan nie, en derdens omdat hy reeds lankal die voorneme gehad het om te bedank, omdat hy graag meer aandag

wou/...

1). Joubert-Kolleksie, 1995, p.194.
2). Ibid., 1995, pp.140-141.
3). Ibid., 1995, pp.375-376.

wou skenk aan die Afrikaner Bond. Reeds in Augustus 1883 het hy planne gekoester betreffende die Afrikaner Bond, en wou hom toe al losmaak van sy amp. Hy was egter Vice-President van die S.A.Republiek, en moes wag totdat die Deputasie terug kom uit Europa[1]. Op 1 Augustus 1884 skryf hy aan 'n vriend dat hy dit in die sin had om te bedank as die Konvensie bekragtig word, en as dit geskied, van plan was om teen Oktober d.o.v. sy betrekking neer te lê[2].

En Van Niekerk? Seer sekerlik was hy vanaf April tot die begin van Augustus ten gunste van inlywing van Stellaland by die Kaap Kolonie. Hy moes hom egter deur Genl. Joubert en later deur Ds. Du Toit laat oorhaal het, om terug te keer tot die ou politiek van inlywing by die S.A.Republiek[3].

Alles het nou misluk en te eniger tyd kon die troepemag onder Warren op die grense verwag word. Van Niekerk het hom nou 'n tweeledige doel voor oë gestel: n.l. om 'n botsing te vermy tussen die burgers van Stellaland en die Britse troepe. en om seker te maak dat die regte van die burgers van Stellaland, wat binne die S.A.Republiek val, erken word deur die Transvaalse regering. Intussen het hy voortgegegaan om die deel van Stellaland, wat buite Transvaal val, te bestuur volgens die ooreenkoms met Rhodes, in voorbereiding tot aansluiting by die Kaap Kolonie, of die vestiging van die Protektoraat. Hy wis natuurlik dat inlywing van Stellaland by die Transvaal nou buite kwessie was.

Hy het dan ook op 8 November 1884 in onderhandeling getree met die Transvaalse regering, en daarin geslaag om die versekering te verkry dat die regering bereid is om alle wettige aansprake op gronde van die gedeelte van Stellaland, wat

nou/...

1). Joubert-Kolleksie, 1995, pp.134-136, 306-307.
2). Ibid., 1995, p.350.

nou binne die Republiek val, te erken. Die Uitvoerende Raad van die S.A.Republiek het dan ook later, in April 1885, die belofte nagekom, en die Volksraad het dit bekragtig op 12 Mei 1885 [1].

Op 2 Maart 1885 het die Transvaalse regering die gedeelte van Stellaland, wat kragtens die Konvensie van Londen binne die Transvaal val, geproklameer as die wyk Hartsrivier van die distrik Bloemhof [2].

Ook was Van Niekerk suksesvol in sy pogings om die burgers van die orige deel van Stellaland te belet om hulle te verset teen Warren. Volgens die ooreenkoms met Rhodes sou Van Niekerk die ou bestuur hendhaaf tot op 8 Desember 1884, dog 'n tyd daarna is die periode verleng tot 8 Januarie 1885 [3].

Dit is onnodig om hier te wys op die verdere verloop van sake, b.v. die aankoms van Warren, die byeenkoms tussen hom en President Kruger te Veertienstroom, die skending deur Warren van die ooreenkoms tussen Rhodes en Van Niekerk, die bedanking van Rhodes, die gevangeneming van Van Niekerk, en die uitkoms van dit alles. Dit is genoeg om aan te toon dat die uitsending van die Warren-ekspedisie, hoewel eintlik gerig teen Land Goosen, ook die val van die Republiek Stellaland beklink het, wat reeds met die Londense Konvensie in Februarie 1884 'n voldonge feit was. Die deel van Stellaland wat toe buite Transvaal geval het, het van nou af deel uitgemaak van Brits Bechuanaland, en is bestuur vanuit Engeland. Eers jare daarna is dit ingelyf by die Kaap Kolonie.

G.J.van Niekerk, wat hom soseer beywer het in belang van Stellaland, het hom na sy vrylating metterwoon gevestig in die Transvaal, alwaar hy 'n regeringsbetrekking aangeneem het.

Die teenswoordige distrik Vryburg van die Kaapprovinsie kan sig daarop beroem dat dit eenmaal die vernaamste deel uitgemaak het van Stellaland, en die dorp Vryburg kan trots daarop wees dat dit eenmaal die hoofstad was van 'n vrye Republiek.

HOOFSTUK VI/...

1). R.5263/84; R.6172/84; R.2447/85; RBB.1458/84; RBB.1689/84.
2). De Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1849-1885, p.1316.
3). S. 9, A.184/84, en A.185/84.